

Skriflesing: 2 Timotheus 1Teks: **2 Timotheus 1:7**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 147:1,2****TYDENS EREDIENS: Ps. 68:2; Ps. 25:3,6; Ps. 65:3,4; Ps. 68:13****2 Timotheus 1****2Ti 1:1** Paulus, 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God, ooreenkomstig die belofte van die lewe wat in Christus Jesus is,**2Ti 1:2** aan Timótheüs, my geliefde kind: Genade, barmhartigheid, vrede van God die Vader en Christus Jesus, onse Here!**2Ti 1:3** Ek dank God, wat ek van my voorouers af in 'n rein gewete dien, wanneer ek onophoudelik nag en dag aan jou in my gebede dink,**2Ti 1:4** terwyl ek verlang om jou te sien as ek aan jou trane dink, sodat ek met blydschap vervul kan word,**2Ti 1:5** en as ek my herinner die ongeveinsde geloof wat in jou is, wat eers gewoon het in jou grootmoeder Loïs en in jou moeder Euníce, en wat—daarvan is ek oortuig—ook in jou is.**2Ti 1:6** Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om die genadegawe van God aan te wakker wat in jou is deur die oplegging van my hande.**2Ti 1:7** Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.**2Ti 1:8** Skaam jou dan nie oor die getuienis van onse Here of oor my, sy gevangene nie, maar ly saam verdrukkings vir die evangelie na die krag van God**2Ti 1:9** wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is,**2Ti 1:10** maar wat nou geopenbaar is deur die verskyning van ons Verlosser, Jesus Christus, wat die dood tot niet gemaak het en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het deur die evangelie,**2Ti 1:11** waarvoor ek aangestel is as prediker en apostel en leraar van die heidene.**2Ti 1:12** Om hierdie rede ly ek ook hierdie dinge; maar ek skaam my nie, want ek weet in wie ek geglo het, en ek is oortuig dat Hy mag het om my pand te bewaar tot dié dag toe.**2Ti 1:13** Hou as voorbeeld van gesonde woorde dié wat jy van my gehoor het, in die geloof en liefde wat in Christus Jesus is.**2Ti 1:14** Bewaar jou goeie pand deur die Heilige Gees wat in ons woon.**2Ti 1:15** Jy weet dit dat almal wat in Asië is, hulle van my afgekeer het, onder wie Figéllus en Hermógenes is.**2Ti 1:16** Mag die Here aan die huis van Onesíforus barmhartigheid bewys, want hy het my dikwels verkwik en hom oor my kettings nie geskaam nie;**2Ti 1:17** maar toe hy in Rome gekom het, het hy my baie ywerig gesoek en gevind.**2Ti 1:18** Mag die Here hom skenk dat hy barmhartigheid mag verkry van die Here in dié dag! En jy weet baie goed hoeveel dienste hy in Éfese bewys het.**Skriflesing:** 2 Timotheus 1Teks: **2 Timotheus 1:7**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 147:1,2****TYDENS EREDIENS: Ps. 68:2; Ps. 25:3,6; Ps. 65:3,4; Ps. 68:13**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die eerste hoofstuk van Paulus se tweede brief aan

Timotheus is sekerlik ook vandag vir ons bedoel. Ons het 'n tyd ingegaan wat daar tussen 80 na 120 mense daaglik landwyd sterf en dan word dit uitgemaak, dit is Covid-19 verwant. Die virus wat so baie oor gepraat word, loop sy pad. Hoeveel dra 'n vrees in hulle rond? Dat mense bang is, dat ons sekerlik almal bang is, ek kan ook dit opdoen, ek kan ook aangesteek word, laat ons daarvoor nie twyfel nie.

In hierdie tyd hoor ons Paulus skryf 'n tweede brief aan sy geesteskind Timotheus, ja hierdie is Paulus se laaste brief wat deel van God se Woord is. Hy is nou 'n ouman wat praat, hy praat en skryf deur die Heilige Gees. Vanoggend se brief word ook genoem deel van die pastorale briewe. Die briewe aan Timotheus en ook aan Titus word deur 'n pastorale omgee, 'n bewoëheid, 'n werklike uitreik na mekaar geskryf.

In die eerste brief aan Timotheus ontvang sake rondom ons leer, ons gesonde leer, ons kan dit ook noem, ons gereformeerde leer, besondere aandag. Daar kan eers op die regte manier aan die lewe aandag gegee word, as die leer reg is.

Daarom wie deur 1 Timotheus lees sal by hfst. 1 dit sommer al moet opmerk dat 'n lewe in die geloof, is 'n lewe wat pas by die gesonde leer. Dis 'n lewe waar mans en vroue, ons kan dit ook noem, huisgesinne wat deur gebede gedra moet word. In die eerste brief gee Paulus ook besonderlik aandag aan die ampte. Hoe ouderlinge moet wees, hoe diakens moet wees, ja dit moet manne wees van 'n sekere karakter. Daaroor draai Paulus nie doekies om nie. En dan praat Paulus ook met die Kerk van die Here. Alles nog deel van wat 'n kerk gesond maak en die kerk moet weet dat God maak sy kerk draer en beskermer van die waarheid. Hoor hoe mooi staan dit in 1 Tim 3:15 ... *15 Ingeval my koms vertraag word, sal jy dus weet hoe iemand hom moet gedra in die huisgesin van God, dit is die gemeente van die lewende God. Die gemeente is die draer en beskermer van die waarheid.* Die Ouer Vertaling praat van die gemeente van die lewende God is 'n pilaar en grondslag van die waarheid.

As ons die einde van Paulus se eerste brief aan Timotheus nader dan wys hy ook in hfst. 5 hoe mense met mekaar moet kan praat as daar dinge is wat nie reg is nie. Ons moet in oorleg met mekaar, mekaar kan onderskraag. Die woord wat hy hier in die Grieks gebruik ... *parakaleoo* wat as *vermaan* vertaal word, (vgl. 1 Tim 5:1), sluit in bemoediging, vertroosting, onderskraging. Dinge wat so nodig is! Trouens in die woord *parakaleoo* hoor ons duidelik ook die naam wat vir die Heilige Gees gegee word as ons na die Gees verwys as die Paraklêtos ... Hy ons Voorspraak en vertrooster, Hy die Een wat ons die *paraklesis* ... die troos in Christus gee. Paulus wat deur die Gees van God praat, ja die Trooster wil deur Paulus troos. Die troos wat ons vandag nog

weer in Christus mag ontvang. Hy kom nie op ons af soos wanneer dit voel iemand het sommer 'n lorrievrag bakstene op my afgelaai en nou moet ek maar net aangaan nie.

Nee, as ons die pastorale briewe lees, ook as ons 2 Timotheus lees, is dit soos iemand wat by jou kom staan, hy/sy sit hulle hand en hart in jou hart en hand en sê kom ons kyk wat voor ons lê, kom ons stap die pad, maar ons stap die pad na die heelheid wat alleen God ons kan skenk. Hy die enigste wat werklik kan troos, wat werklik kan heelmaak. In die kerk moet dit wees soos wanneer mense naby familie van mekaar is. Jy tree op soos jy dit teen baie naby familie wil doen, ja Paulus lê in Timotheus baie klem op die huisgesin en die groot, ja die baie groot waarde van die huisgesin.

As u deur die briewe lees sal u ook agterkom hoe Paulus vir Timotheus daarop wys, dat hy sy pa, sy ma, sy ouma, sy broers, sy susters in die geloof moet betrag. In vandag se gelese gedeelte word Timotheus aan hierdie besondere bande herinner ... vers 5: *5 en as ek my herinner die ongeveerinsde geloof wat in jou is, wat eers gewoon het in jou grootmoeder Loïs en in jou moeder Eunice, en wat — daarvan is ek oortuig — ook in jou is.* Dan kom ons agter, juis vanuit hierdie gesin-konteks, kom Paulus in vv 6-7 by wat ons vandag ook mag hoor- God wil nie dat ons vreesagtig moet wees nie! In my eie lewe, ook in my gesin, kan ons dit hoor - *7 Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.* In die 1983-Vertl staan... *7 Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.* Die BDV stel dit ook: *God het ons tog nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.* Laat ons dan verder hierdie woorde bedink met die volgende twee gedagtes: 1. Waar kom hierdie vreesagtigheid by ons vandaan? 2. Hoe kan ek van hierdie vreesagtigheid ontslae raak? Eerste dan:

Waar kom hierdie vreesagtigheid by ons dan vandaan?

Daar is seker so baie redes wat genoem kan word. Die feit dat ons lewens daaglik in gevaar verkeer, die feit dat ek siek kan word, soos vandag in baie gevalle ons land ons so duidelik demonstreer, in baie mense se lewens is dit selfs 'n vrees wat toeneem. Dit wat by Timotheus gebeur het, kan beslis ook as oorsaak vir Timotheus se vreesagtigheid beskou word. Paulus is nou al oud, boonop is hy in die tronk as hy hier skrywe, ja dis asof Paulus weet hy sal nie weer lewendig uit hierdie tronk in Rome kom nie. Timotheus wat met so baie dinge, ja in 'n sekere

sin met heel sy lewe op Paulus gesteun het, hy word nou bang al is hy nog jonk en gesond, sterk en iemand wat werklik wil glo. So een kan ook bang en onseker voel.

Hy kon duidelik agterkom dat Paulus se tyd is nou eintlik verby, ja dit skep onsekerheid en vrees by hom dat ek by Paulus sal moet oorneem. Sal ek dit kan doen, watter sware verantwoordelikheid word nou myne! Alles voel vir hom te swaar. Ja, die Griekse woord hier vertaal as ons dit dan meer letterlik lees, is die woord vir vrees die woord ... *δειλία* dan bedoel die woord dat daar kom vrees omdat my moed my begewe. Dis waarom die 1983-Vertl dit interpreteer as om lafhartig te wees. My morele krag, my dappere moed is besig om onder my pad te gee. Dit staan in dieselfde woordveld as wanneer daar terreur plaasvind, dis nodig om alarm te maak. Dis 'n vrees wat verder gaan as om bloot onseker of bekommerd oor iets te wees.

Nou is dit so belangrik dat ons dit ook vandag hoor- God gee ons geen rede om hierdie tipe vrees in jou rond te dra nie. *God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie ...* Ons besef dit kom so maklik oor ons, maar ek moet daarvan werk maak om daarvan ontslae te raak. Die werklike diepe oorsaak weet ons lê al tussen die bome in die tuin van Eden. Na Eva gesondig het en veral toe Adam ons verbondshoof sondig, het hierdie vrees hulle beetgepak. In Genesis 3 lees ons dit wat die vrees by die mens na vore begin bring. Die mense het besef hoe blootgestel hulle is, hulle besef hulle naaktheid, hulle probeer hulleself agter vyeblare bedek, hulle maak van vyeblare skorte ...dit moet nou hulle klere, hulle bedekking wees. Die BDV stel dit: *Hulle het vyeblare aaneengeryg en vir hulle lendeskorte gemaak ...* As hulle dan vir God probeer wegkruip dan word hulle eintlike vrees geopenbaar. Vrees probeer hierdie wegkruip-ding met ons ook te speel.

Die vraag aan elkeen vandag hier, waar ek weet sekere dinge in my lewe is nie reg nie, hoe hard probeer ons dit nie weg te steek nie. Ja die eintlike vraag dan- hoe lank is ek van mening dat ek vir God nog kan wegkruip. Dit wat ons ruitelik maar moet erken by ons ook 'n vreesagtigheid sal skep, hoe langer hoe meer ek probeer wegkruip of dinge probeer wegsteek. Hoe groter word die vreesagtigheid! Ons ou vyeblare lyk dalk anders as gewone vye se blare maar tog is dit niks anders, niks beter as die moderne vyeblare van ons tyd nie. Dit wat die Here duidelik in die tuin laat hoor – is ook maar ons “tuinwoord”- Weg met die vyeblare, of hoe lank gaan ek dan nog die blare my vertrou, my bedekking, my bekleding probeer maak. Ons kan maar agter die blare

uitkom, soos wat Paulus dit ook vir Timotheus kon sê, so geld dit vir ons as ons mekaar afvra- ons tweede en laaste gedagte vandag:

Hoe kan ek van hierdie vreesagtigheid ontslae raak?

Die mens wat gaan ophou om vir God te probeer wegkruip, sal nie naak in die wêreld gesien word nie, sal nie van alles kaalgestroop, die tuin wat jy nou probeer skep het, die wêreld hoef in te stap nie. Intendeel, Timotheus kon hoor dat God hom met krag en liefde en selfbeheersing wil vul.

As ons hierdie drie dinge, krag, liefde en selfbeheersing, met die ander drie sake wat groot sake in Paulus se woordeskat is, kan vergelyk, dan weet ons hoe gereeld Paulus ook praat van geloof, hoop en liefde. Ons kan trouens die Skrifverbande nog wyer oopmaak en lees deur God se Woord, lees wat Christus deur die apostels ons wil laat hoor, dan kan ons vir Paulus, vir Petrus, vir Johannes in hulle geskifte hiernatoe terugbring. Wie Romeine lees, maar ook die ander briewe van Paulus, ook die Timotheus-briewe, kan nie anders as om vir Paulus in 'n sekere sin, God se groot apostel van die geloof te noem nie. Wie die Petrus-briewe lees, moet dit kan raaksien. Petrus word hoe langer hy op aarde was, veral toe hy 'n apostel geword het, word hy al meer God se groot apostel van hoop. En dan Johannes, toets hom ook maar daarin, hy kan ons noem die groot apostel van God se liefde. Hy wat jou laat hoor – Joh. 3:16: *16 “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.*

Geloof, hoop, liefde, vandag in Timotheus ... krag, selfbeheersing, maar weer liefde, laat ons dalk ook beter verstaan hoekom die apostel van geloof, dan wel liefde ook wil grootmaak.

Trouens, Paulus noem dit in 1 Kor. 13 die grootste ... vers 13: *13 En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde!*

Hoe kan ek van hierdie vreesagtigheid ontslae raak, as ons weer na die vraag mag terugkeer ... Timotheus moes dalk ook net so 'n sin of wat teruggelees het. Daar skryf Paulus ook vir hom in vers 6- *6 Om hierdie rede herinner ek jou daaraan dat jy die genadegawe wat God jou gegee het toe ek jou die hande opgelê het, soos 'n vuur weer moet aanblaas.* Ons moet die ou dinge wat vroeër vir ons uitgestaan het nie so maklik vergeet nie. Genadegawes wat God gee en dit

sluit die groot dinge in. Geloof, hoop, die krag van die Gees moet dit bepaal, ook selfbeheersing, 'n ware liefdesbegrip om God bó alles lief te hê. Ja liefde moet altyd eerste gaan om my liefde vir God, of anders gestel – hoe lief het ek Christus werklik, dan eers sal ek kan en mag praat van liefde vir ander mense. As dit nie eers my liefde vir God is nie, ... dan raak liefde so maklik skeefgetrek ... as my liefde vir mense iets word wat ek my liefde vir God daarmee probeer meet, val ek so maklik die humaniste ten prooi. Tog het die apostel Johannes, die apostel wat so groot oor liefde kon skrywe ... ook die liefde vir mense nie wou losmaak van my liefde vir God nie.

1 Joh. 4:20-21: 20 As iemand sê: “*Ek het God lief,*” en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie. 21 En hierdie gebod het ons van Hom gekry: *Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê.*

Ons besef dit wat Paulus Timotheus herinner, dis die dinge wat maak dat die vreesagtigheid opgehef kan word. Paulus sit in die tronk, hy is veronderstel die vreesbevange een te wees, hy weet sy lewe se einde is naby, maar tog as hy praat oor dit wat ons nou ook oor praat, dan is hy nie bang nie, hy is ook nie skaam nie, as ons vers 8 ook weer hier raaklees. Die dinge moet ons soos 'n vuur weer aanblaas. In die vuur van geloof sit die vuur van krag, die vuur van selfbeheersing en die vuur van liefde. Innerlik voel u dalk baie swak, dis waarom u so maklik ook vreesagtig raak. Dit wat God jou nie wil gee nie.

Mag u die vreesagtige gees kan inruil vir die krag van die Heilige Gees. Ja, dis 'n krag wat sielskrag word, geloofskrag, wat God jou alleen in Christus wil skenk. En dan kom Paulus by die gees van liefde. Belangrik dat hy hierdie gees van liefde tussen krag en selfbeheersing plaas. Dit moet die sentrale plek, die vernaamste wees. Daarom hierdie middelste posisie! Want krag sonder liefde is eenvoudig, domkrag, is 'n blinde krag wat net kan breek en verwoes, waarvan ons in die land genoeg van het! Dit bou nie, dit verwoes net.

Dan skryf Paulus ook oor die gees van selfbeheersing. Selfbeheersing wat eenvoudig ook net weer by die liefde moet aansluit want selfbeheersing sonder liefde kan maar koud en afsydig raak! In 'n wêreld wat reeds hard en koud is, is net koue selfbeheersing ook nutteloos. Mag u in hierdie tyd wat baie mense vol vrese rondloop, ja die omstandighede daarbuite word 'n teelaarde van vrees.

Dit wat niemand hoef te bewys nie, ek kyk maar net na myself en ander se reaksies! Terwyl God ons dit nie wil gee nie. Hy wil ons vul met die krag van geloof en in die krag sy liefde skenk en in ons selfbeheersing nog weer sy liefde skenk. Die krag van geloof gevul met God se liefde is sterker en groter as wat enige atoombom kan wees, 'n atoom wat wag op kragvrystelling! Kan u dan indink, watter tipe krag is regtig ter sprake. Die krag van geloof wat Christus se bloed aan die kruis gekos het. Mag hierdie drievoudige gawe van die Heilige Gees, u onbevrees van hier laat weggaan. Leef onbevrees uit die gees van krag en liefde en selfbeheersing. Ook wanneer die pandemie rondom ons sy pad loop, ja toe dit nog volskaals die tyd van inperking was, het ons juis elektronies die Profetiese rede verkondig, dat ons ook weet wat is die tekens van die tye. Hierdie pandemie sluit dit in!

Mag jy gevul wees, nie met 'n gees van vreesagtigheid nie, nie met 'n gees van lafhartigheid nie, maar veral nou weer gevul met die krag en liefde en selfbeheersing wat God ons kan en wil skenk. Dan word die uithaal van ons vrees nie 'n kitsoplossing nie, want daar is nie so iets nie, maar hoe meer die krag van die Gees, hoe meer die liefde van Christus, hoe meer die beheersing van God die Vader in jou lewe raakgesien sal word, hoe meer sal jy die vrees kan verwerk, soos 'n jongman Timotheus wat daagliks moes groei in die gees van krag en liefde en selfbeheersing. Mag u dit soos 'n vuur wil aanblaas.

AMEN